

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 15: Bo (בּוֹא) (Gaan / kom in aksie)

יהוה het vir Moshe gesê: “Gaan na Farao toe, want Ek het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer en sodat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel hoe Ek 'n bespotting van die Egiptenare gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek יהוה is.”

Ex. 10:1 en 2 (PWL Vertaling¹)

Torah: Exodus 10:1 tot 13:16.

❖ Inleiding

- ❖ **Ex. 10:1** – Kom, Laat jy dan nou gaan!
- ❖ **Ex. 12:2** – YHVH se kalender
- ❖ **Ex. 12:14** – Pesag, Wedergeboorte en Bekering

Haftorah: Jer. 46:13 tot 28 - YHVH is in beheer!

B'rit Chadashah: Lukas 2:22 tot 24; Joh. 19:31 tot 37; Hand. 13:16 tot 17; Open. 8:6 tot 9:12; Open. 16:1 tot 21;

Ons is nie Torah-gehoorsaam om gered te word nie! Nee, ons is Torah-gehoorsaam omdat ons gered is!!

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

Die hoogtepunt van hierdie week se parashah is sekerlik die instelling van Pesag (die Pasga; Paasfees). Hierdie gebeurtenis het 'n blywende verandering in die geestes- en fisiese wêreld meegebring. In 'n sekere sin kan hierdie ook as 'n nuwe begin beskou word. Die hardheid van Farao se hart het bygedra tot hierdie 'nuwe begin'.

Ék het sy wil, emosie en verstand,..., verhard...! In parashah 14 is die betekenis van *hardheid van hart* bespreek en dit is nodig om onself weer hieraan te herinner. Veral die feit dat YHVH nie direk verantwoordelik is vir die hardheid van Farao, of van enige mens, se hart nie, maar dat dit wel Farao en die mens self is wie se vrye wil (keuse) deur YHVH versterk word. Die wat kies om 'n harde hart te hê se hardheid van hart sal deur YHVH versterk word, maar die met 'n onderdanige, leersame en nederige hart sal tot groter onderdanigheid, kennis van YHVH en nederigheid versterk word om YHVH se Woord met blymoedigheid te ontvang om daarvolgens te lewe!

Soos YHVH aan Moses opdrag gegee het om na Farao te gaan, so het YHVH deur Moses aan Israel die kans gebied om uit Egipte te gaan!

Ex. 10:1 – Kom, Laat jy dan nou gaan!

Hierdie week se parashah begin dan ook met die woord *gaan* – *gaan oor tot aksie!* Hierdie gedagte kan ook soos volg verwoord word: *Kom, Laat jy dan nou gaan!* YHVH het vir Moses gesê om na Farao van Egipte ('n sinnebeeld van Satan en die wêreld) te gaan met die versoek om YHVH se volk te laat gaan, naamlik om hulle van die juk van dwangarbeid onder Egiptiese taakmeesters vry te maak sodat hulle vir YHVH 'n fees kan hou in die woestyn (Ex. 5:1 en 10:3)!

Die opdrag *om te gaan* is YHVH se eeu-oue opdrag wat in die hernieude verbond herhaal word. So lees ons in Mark. 16:15: ***Gaan*** *die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom* en in Matt. 28:19: ***Gaan*** *dan heen, maak dissipels van al die nasies.... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.*

Hiermee saam is die baie belangrike opdrag van YHVH aan ons om uit Egipte – die wêreld van sonde – uit te gaan en ons af te sonder (te heilig) as YHVH se koninklike priesterdom: ***Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.*** (Open. 18:4). Verwys ook 2 Kor. 6:16 tot 18.

Die God van Abraham, Isak en Jakob

Die Torah, naamlik die eerste vyf boeke van die Skrifte, is die openbaring van die Karakter en Outoriteit van YHVH die Almagtige Skepper-God. Moses was die instrument in die hand van YHVH om hierdie openbaring aan die mensdom neer te skryf. Daarom vorm Torah die basis om YHVH waarlik te ken (Joh. 17:3) en maak dit ons wys tot die saligheid deur geloof in Yeshua

Messias (2 Tim. 3:14 en 15). Ten spyte hiervan is daar talle wat bely dat hulle glo in die God van Abraham, Isak en Jakob, maar wat die Torah verwerp as die onderrig en instruksies van YHVH. So is daar ook diegene wat Torah onderhou, maar wat nie Yeshua erken as die Messias wat reeds gekom het om vir die mens se sondes te sterf nie.

Die gevolg hiervan is dat diegene wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob hoofsaaklik in drie groepe verdeel kan word, naamlik: Rabbynse Judaïsme, Messiane² en die Christendom. Die gemenedeler van elke groep is belydenis van geloof (vertroue) in die Enigste Lewende God, YHVH die Almagtige Skepper-God. Daar is egter wesenlike verskille tussen hierdie drie groepe, naamlik Rabbynse Judaïsme is Torah-gehoorsaam, maar verwerp Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias. Die Christendom, aan die anderkant, erken Yeshua as die Messias, maar hulle verwerp Torah-gehoorsaamheid. Die Messiane staan egter in die middel tussen Rabbynse Judaïsme en die Christendom aangesien hulle Yeshua as Messias en Verlosser bely, sowel as om Torah-gehoorsaam te lewe as geregverdigdes.

Die gevolg hiervan is dat die Messiane die mees vervolgte van die drie groepe is. Vra veral vir 'n Messiaanse Jood wat in Israel bly en wat deur beide Judaïsme en Christene verwerp word!

In die lig van bogenoemde is dit baie belangrik vir Messiane om hul verantwoordelikheid en roeping te besef ten opsigte van die eenwording van die twee huise van Israel (Juda en Efraim) soos deur Esegïël (hoofstuk 37) geprofeteer word. Eenwording, en dus die vervulling van hierdie profesie, is alleenlik moontlik wanneer geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias en Torah-gehoorsaamheid sigbaar een word in die lewe van diegene wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob.

Indien jy met die Messiane identifiseer, is die vraag: Is jy gereed om die gevolge en verantwoordelikheid van die Messiaanse Beweging (Ontaking) te omhels en uit te leef? Indien jou antwoord hierop 'n besliste 'Ja' is, dan weet jy hoekom ons moet terugkeer na ons Hebreeuse wortels deur Torah te bestudeer. Ons is op soek na die oorspronklike – die begin van hoe YHVH die verhouding tussen Hom en die mens beplan het. Ons wil nie Rabbynse Judaïsme of die Christendom navolg nie! Nee, ons wil wees soos die gemeente van YHVH wat Hy uit Egipte verlos het om hulle na die Beloofde Land te neem. Ons wil YHVH in die wildernis van die lewe dien tot ons die Beloofde Land in besit neem. Ons wil wees soos die gemeente van Handeling en ons wil leer uit die foute van ons voorgeslachte sodat ons nie weer dieselfde foute maak nie:

Ek wil hê dat julle moet weet, my broers, dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons, dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom

² Hierdie groep staan ook bekend as die Messiaanse Ontwaking, die Messiaanse Beweging, Messiaanse Judaïsme, die *Hebrew Roots Movement* asook Nazareners en word gekenmerk deur geloof in Yeshua as die Eenmalige offer vir sondes wat opgevolg word deur Torah-gehoorsaamheid as die leefwyse van die geregverdigde. Moderne Rabbynse Judaïsme volg nie net Torah nie, maar ook Talmud, naamlik die mondelinge Torah wat hulle glo YHVH ook aan Moses gegee het en wat later ook neergeskryf is. Dikwels het dit wat in Talmud geskryf staan voorrang bo die Torah!

getoets het en slange hulle vernietig het nie. Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het nie en deur die vernietiger vernietig is. Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. 1 Kor. 10:1 tot 11 – PWL Vertaling.

YHVH se plan van redding

Die belangrikste gebeure van die Boek van Exodus kan ondermeer in vier woorde opgesom word, naamlik: Pesag, Rooisee, Sinai en Manna. Elkeen van hierdie vier woorde is ook 'n sinnebeeld van een stap in YHVH se plan van sondevergifnis en versoening, naamlik:

- ❖ Pesag – 'n sinnebeeld van Wedergeboorte.
- ❖ Rooisee – 'n sinnebeeld van die Waterdoop deur onderdompeling.
- ❖ Sinai – 'n sinnebeeld van die Gee van Torah en die gee (uitstorting) van die Afgesonderde (Heilige) Gees.
- ❖ Manna – 'n sinnebeeld van 'n Leefwyse van geregtigheid deur Torah-gehoorsaamheid.

Die vraag is nou: Verkondig en leef Rabbynse Judaïsme, die Messiaanse Beweging en die Christendom bogenoemde stappe tot versoening met die God van Abraham, Isak en Jakob en wat gepaardgaan met gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah)?

Alvorens ons dit antwoord moet ons kortliks na die geskiedenis kyk. Volgens die geskiedenis sedert Yeshua se hemelvaart leer ons dat sinkretisme (geestelike vermenging) spoedig 'n houvas gekry het in die gemeentes wat Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias bely het. Misleiding, en gevolglike afgodery, het die eerste gemeentes gestroop van Torah-gehoorsaamheid en van hul Hebreeuse karakter en dit vervang met 'n Torahlose (wettelose) Griekse en antisemitiese identiteit. Die Roomse Kerk het die gesagsliggaam van die Christendom geword en hierdie gesag is eers eeue later deur die Hervorming onder die leiding van Martin Luther teëgestaan. Maar hierdie hervorming het egter spoedig tot verdere verdeeldheid van die Christendom gelei. Eweneens het Moderne Rabbynse Judaïsme ontstaan na die vernietiging van die tempel in 70 na Messias toe Rabbynse gesag die gesag van die Levietiese priesterorde vervang het en daar in 'n toenemende mate tot Torah toegevoeg was en van Torah weggeeneem was.

Sonder om die detail van die geskiedenis te bespreek, is dit belangrik om te let op enkele belangrike ooreenkomste en verskille tussen die leerstellings van Rabbynse Judaïsme, die Messiaanse Beweging en die Christendom (Gereformeerdes en Pinksterbeweging). Indien gelet word op wat elke groep verkondig in terme van YHVH se plan van vergifnis en versoening soos deur Pesag, die Rooisee, Sinai en Manna uitgebeeld word, kan dit soos volg opgesom word:

	Leerstelling wat verkondig en geleef word			
	Pesag [Wedergeboorte deur geloof]	Rooisee [Waterdoop, na wedergeboorte, deur Onderdompeling]	Sinai [Gee van Torah en Afgesonderde Gees]	Manna [Torah-gehoorsame leefwyse]
Rabbynse Judaïsme	Nee	Slegs simbolies vir geestelike reiniging	Slegs gee van Torah	Ja

Messiane (Messiaanse Judaïsme)	Ja	Ja	Ja	Ja
Christendom Gereformeerdes	Ja	Nee	Nee	Nee
Christendom Pinkster	Ja	Ja	Slegs gee van (doping met) Afgesonderde Gees	Nee

Nota: Katolisisme (Rooms Katolieke Kerk) word weggelaat omrede hulle nie een van bogenoemde verkondig nie en eerder as 'n suiwer vorm van Babilonisme beskou kan word!.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat slegs die Messiaanse Beweging die vier stappe (fases) van YHVH se reddingsplan van versoening met Hom volg. Die Messiaanse Beweging staan dus tussen Rabbynse Judaïsme en die Christendom en is daarom geroep om Yeshua aan Rabbynse Judaïsme te verkondig en om die noodsaaklikheid van Torah-gehoorsaamheid aan die Christendom te leer. Die sleutel tot die sukses hiervan is om beide groepe te leer dat die 'Sinai-ervaring' die gee van Torah en die gee van die Afgesonderde (Heilige) Gees behels. Torah is YHVH se onderrig en instruksies tot saligheid deur geloof in Messias Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15). Dit is die onderrig in geregtigheid en van 'n oorwinningslewe in Yeshua, want Torah is Yeshua, die Lewende Woord. Die Afgesonderde Gees maak wedergeboorte tot versoening met YHVH en 'n Torah-gehoorsame geloofslewe (bekering) 'n werklikheid. Yeshua kan alleenlik ons daaglikse brood (manna) en *tzurishaddai* (my Rots is *El Shaddai*) wees wanneer Torah deur die Gees van YHVH die Lewende Woord, Yeshua Messias, in ons lewens word!! 'n Pasgeborene, en die mens reg deur sy lewe, het heilsame voedsel nodig om te groei en te lewe. Torah is die *heilsame voedsel* (die manna) wat ons daaglik moet 'eet', want daarsonder sal die wedergeborene sekerlik sterwe!

Maar Yeshua antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God. Luk. 4:4

Die Hebreeus vir manna is *man* en word gespel *mem, nun-sofit*. Die letterlike betekenis van *man* is: *Wat is dit?* Volgens die betekenis van die letters *mem* en *nun-sofit*, asook volgens die piktogram wat elke letter uitbeeld, word dit egter duidelik dat manna ondermeer Torah, water en lewe beteken – die verskuilde geheimenisse en die openbaarde wil van YHVH en die ware lewende water wat Yeshua Messias is, waarvan ons drink.

Indien die woord *Torah* vandag aan die Christendom voorgehou word, is die reaksie van die verre meerderheid ook een van: *Wat is dit?* Die meerderheid Christene weet nie dat Torah, wat jammerlik as die wet vertaal word, die liefdevolle onderig en instruksies van Vader-God is nie! Dit is die manna! Geen wonder Jesaja profeteer:

Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors. Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is. Jes. 5:13 en 14

Hiermee saam moet die profetiese woorde van Hosea ook gelees word:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hos. 4:6

Torah en die Afgesonderde Gees is eenmalig gegee, maar ons ontvang dit steeds daaglik wanneer ons van die manna (die Torah) wat van die hemel neergedaal het eet!

Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe. Joh. 6:58

Torah is YHVH se brood wat uit die hemel neergedaal het – wie daarvan vanaf wedergeboorte daaglik eet sal tot in ewigheid lewe!!

Bepeins of Bespreek

1. Om volgens YHVH se opdrag in Matt. 28:19, Mark. 16:15 en Open. 18:4 *te gaan*, is om Satan (Farao) en die sonde in jou lewe en die van die wêreld (die oortreding van Torah) te konfronteer. Moses se eerste ‘konfrontasie’ van Farao was nie suksesvol nie (Ex. 5:4 tot 21), maar hy moes teruggaan om Farao weer te konfronteer. Wat is die les wat ons hieruit leer? Is oorwinning oor sonde (Torah-ongehoorsaamheid) altyd maklik? Lees wat Paulus in die verband Rom. 7:16 tot 26 sê.

Ex. 12:2 – YHVH se kalender

“Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees (PWL Vertaling).

Die kalender van die Skrifte, naamlik YHVH se kalender staan ook bekend as die maankalender, die Hebreeuse kalender of die Joodse kalender en is grootliks gebaseer op die siklusse van die maan om die aarde, terwyl die sonkalender (Gregoriese kalender) waarmee ons bekend is, vasgestel word volgens die siklusse van die aarde om die son. Volgens die Skrifte word die maankalender dus gebruik om die begin van ‘n nuwe maand te bepaal, asook vir die Feestye (*mo’edim*) van YHVH. Aangesien die maankalender sowat 11 dae per jaar korter is as die sonkalender, word ‘n maand elke 2 tot 3 jaar bygevoeg om die maansiklus met die sonsiklus van landbouseisoene gelyk te stel (te sinchroniseer).

Die Hebreeus vir die begin van ‘n nuwe maand volgens YHVH se kalender staan bekend as *Rosh Kodesh* (*Rosh Chodesh*). *Rosh* beteken *kop* en *kodesh* beteken *nuwe maan* of *nuwe maan dag* (*new moon day*). Daarom kan *Rosh Kodesh* letterlik as *die kop van die maand* vertaal word en, daarom, word die eerste dag van die nuwe maand dus deur die begin (verskyning) van die nuwe maan bepaal.

Daar is egter meningsverskil oor hoe bepaal word wanneer die nuwe maan sy verskyning maak. Rabbynse Judaïsme volg die maankalender soos deur Rabbi Hillel II vasgestel is waar die verskyning van die nuwe maan vooruit bereken word. Hiervolgens is die begin van die nuwe maand wanneer die maan in die donkerfase (donkermaan, konjunksie) is. Die Karaiëte bepaal die begin van die nuwe maand egter deur die fisiese waarneming van die eerste strepie (sekelmaan; ‘sliver’) van die maan vanuit Jerusalem kort na sononder, en daarom kan die datums nie vooruit vasgestel word nie. Wanneer die eerste strepie waargeneem word, word die begin van die nuwe

maand ‘aangekondig’. Daar kan dus ‘n verskil van ‘n dag of twee wees tussen die begin van die nuwe maand volgens Judaïsme en volgens die Kariaïete.

Ongeag die meningsverskil oor die vasstelling van die begin van die nuwe maand is dit belangrik om te weet dat YHVH se Bestemde Tye (Feestye) bepaal word volgens die maankalender en nie volgens die sonkalender nie:

Hy het die maan gemaak vir die vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan. Ps. 104:19

Die Hebreus vir *vaste tye* is *mo'edim* en beteken die feestye (bestemde tye) wat die ‘amptelike afspraak’ is wat YHVH met die mens het en wat ondermeer in Levitikus 23 beskryf word. Shabbat en die nuwe maan (*Rosh Chodesh*) is ook ‘n *mo'edim*! Verwys Jes. 66:29 – die afspraak met Vader op elke shabbat en nuwe maan is nie opgehef nie, asook nie YHVH se afspraak met Sy kinders op die jaarlikse feestye nie!!

Volgens Ex. 12:2, asook ander Skrifte wat dit bevestig, het YHVH Israel beveel om afstand te doen van die Egiptiese sonkalender en dus van Sonaanbidding (Songod *Rah*) (Ex. 12:1 en 2).

Die kerngedagte om *Rosh Kodesh* te gedenk is dat dit ‘n maandelikse *Yom Kippur* (Dag van Versoening) in die klein is. Dit is as te ware ‘n geleentheid om nuut te begin!

As deel van Israel identifiseer ons ook met die tye en afspraak soos deur Vader-God volgens die siklus van die maan bepaal word. Soos die maan maandeliks ‘vernuwe’ word, so verskyn ons ook in verootmoediging voor die Vader om ‘vernuwe’ te word.

Riglyne om Rosh Kodesh te gedenk

Die volgende dien slegs as riglyn:

- ❖ Gedenk dit saam as gesin, of saam met vriende, teen die aand aan die begin van die nuwe maan. Ideale geleentheid vir ‘n braaivleis?
- ❖ Blaas die shofar om die begin van die nuwe maand aan te kondig.
- ❖ Skriflesing vir Rosh Kodesh: Num. 28:1 tot 15; 1 Sam. 20:18 tot 42; Jes. 66:1 tot 24.
- ❖ Seëngebede vir Rosh Kodesh. Die volgende is slegs voorbeelde van sulke gebede:

*Mag dit u wil wees YHVH (Yahuah), ons Elohiem (God) en die Elohiem van ons vaders, dat hierdie ‘n goeie en geseënde maand sal wees. Mag u vir ons ‘n lang lewe skenk – ‘n lewe van shalom; ‘n lewe van goedheid en van seën, ‘n lewe waar u in al ons behoeftes voorsien; ‘n lewe waar ons sonde haat en respekvolle ontsag vir u Koninkryk het; ‘n lewe waar ons geen skande of vernedering sal ondervind nie; ‘n lewe van oorvloed en eerbewys; ‘n lewe waar ons u sal vrees en u Torah sal liefhê; ‘n lewe waar u ons gebede beantwoord. Ons dank u vir Yeshua wat gekom het sodat ons lewe in oorvloed kan hê.
Amein. Selah.*

Lofprysing en aanbidding aan u YHVH (Yahuah) ons Elohiem (God) en Koning wat alles deur die Woord van u krag geskape het. U het beveel dat daar ligte aan die uitspansele van die hemel sal wees om skeiding te maak tussen die dag en die nag, asook om te dien as tekens sowel as vir die vasstelling van u bestemde tye en vir dae en jare. Soos die

maan op u bestemde tyd vernuwe word, so sal u ons ook vernuwe om Yeshua se lig in hierdie wêreld te wees en skeiding te bring tussen lig en donker. Mag u ook in hierdie maand opnuut verheerlik word deur ons lewens. Amein. Selah.

Bepeins of Bespreek

1. Begrip van YHVH se kalender bring die besef dat belangrike eindtydgebeure volgens die maankalender en nie die sonkalender sal geskied. Hoekom raak Christene dan so gaande oor byvoorbeeld die Mayan-kalender wat die einde van die wêreld op 21 Desember 2012 'voorspel' het en soos die geval was met die begin van die een-en-twintigste eeu? Is nuwejaarsviering volgens die Gregoriese sonkalender 'n wyse om Vader-God te vereer, selfs al is dit in die vorm van 'n oujaarsaand kerkdienste? Is laasgenoemde nie 'n verwerping van die opdrag in Ex. 12:2 nie?
2. Is die feit dat die hele wêreld die Gregoriese kalender volg nie bewys van die sukses van Satan, die god van hierdie wêreld, om die mensdom se sinne te verblind nie (2 Kor. 4:4)?
3. Volgens Judaïsme is Ex. 12:2 die eerste van die 613 *mitzvot* (opdragte, gebooe) in Torah. Waarom sal die gebod om die maankalender te volg die eerste gebod wees? Wat van die eerste gebod van die tien gebooe? [Onthou: die eerste gebod van die tien gebooe is Ex. 20:2 en die tweede gebod is Ex. 20:3 tot 6!]

Ex. 12:14 – Pesag, Wedergeboorte en Bkering

Hierdie dag sal vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van יהודים vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as 'n ewige vasgestelde tyd (PWL Vertaling)

Ons het reeds genoem dat Pesag 'n sinnebeeld van wedergeboorte is. Ons weet ook dat wedergeboorte die eerste stap in YHVH se reddingsplan vir die mensdom is. Daarom het Yeshua aan Nikodemus die volgende gesê (Joh. 3:3 en 5):

Voorwaar, voorwaar ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Yeshua antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Op grond van YHVH se genade en barmhartigheid kan ons vergifnis van sonde ontvang en met Hom versoen word. Hierdie vergifnis en redding is nie op grond van die werke van geregtigheid (goeie werke) wat ons gedoen het nie (Titus 3:5). Nee, Hy red ons slegs deur geloof (vertroue) in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis (Rom. 3:28; Rom. 10:9 en 10; Ef. 1:7; Kol. 1:14).

Elkeen wat wedergebore is moet egter vra: *Waarmee moet wedergeboorte gepaardgaan?* Die antwoord is: Bkering!! Wedergeboorte sonder bekering is 'n misgeboorte!! 'n Drastiese stelling??!! En tog leer die Skrifte ons dat wedergebore en bekering hand-aan-hand gaan! Yeshua het gesê: *Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom* (Matt. 4:17). So ook het Petrus op *shavuot* (pinksterdag) aan almal gesê: *Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word..... tot vergewing van sondes* (Hand. 2:37 en 38).

Wedergeboorte is eerstens die vernuwing deur die Afgesonderde (Heilige) Gees, naamlik die mens se gees wat weer gebore word deur geloof (Titus 3:5). Tweedens behels dit bekering, naamlik die aflegging van die ou mens (die sondige aard) en die bekleding met die nuwe mens

deur gehoorsaamheid aan al Vader YHVH se onderrig en instruksies (Joh. 14:21, 23 en 24; Heb. 8:10). Geloof en bekering is onlosmaakbaar met mekaar verbind en beide is nodig vir ware wedergeboorte en redding. Geloof tot redding (wedergeboorte) moet dus met bekering tot gehoorsaamheid aan Torah gepaard gaan.

Baie is egter van mening dat geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias aan die kruis al is wat benodig word om met God die Vader versoen te wees en die ewige lewe deelagtig te wees. Geloof tot redding is egter meer as geloof in die vergifnis van sonde deur die kruisdood van Messias. Geloof tot redding behels ook die besef en begeerte om jou te bekeer van jou eie wil, naamlik van jou eie gedagtes, woorde en daede en om jou te beklee met Vader-God se gedagtes, woorde en daede. Die twee, geloof en bekering, loop hand aan hand en is onafskeidbaar met mekaar verenig.

Bekering is 'n geloofsluwe in Yeshua Messias wat 'n besnydenis van die hart tot gevolg het (Rom. 2:29). Dit is die proses waar die eie-ek sterf en die begeerte om in alles aan Vader-God gehoorsaam te wees die doelwit word. Die einddoel van geloof is die saligheid (verlossing, behoud en heil) van die siel, naamlik van die eie wil, denke en emosie (1 Pet. 1:9). My Gedagtes, woorde en daede moet in ooreenstemming met dié van my Vader-God kom.

Die vraag is dus: Wat is die betekenis van die woord bekeer en bekering? Dit begin met ware berou oor sonde tot die mate dat jy nie meer wil sondig nie. Bekering is berou oor sonde plus die terugkeer na die weë van YHVH. Dit is 'n wegdraai van sonde en 'n terugdraai na die wil van YHVH. Dit is 'n strewe om in alles aan Vader-God gehoorsaam te wees.

Die Griekse woord in die hernieude verbond vir bekering is *metanoëō* en beteken: *om anders te dink, van gedagte te verander en te hervorm (te verander) weens 'n afsku vir die verlede*. Die woord *metamorfose*, naamlik 'n verandering van gedaante, is hiervan afgelei. Bekering impliseer dus 'n verandering en hervorming. Die vraag is egter nou die volgende: 'n Verandering tot wat en 'n hervorming van wat? Jy kan jou tog slegs bekeer indien jy weet wat die verandering vereis en die hervorming behels. Ons het reeds gesien dat bekering is eerstens berou oor sonde en, tweedens, bereidwillige gehoorsaamheid aan YHVH. Die verandering is dus om op te hou sondig en die hervorming is een van ongehoorsaamheid tot gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies.

Toe Yeshua, Johannes die Doper en Petrus gesê het: Bekeer julle, het hulle 'n oproep op die gelowiges gedoen om terug te keer na 'n leefwyse volgens YHVH se wil en soos opgeskryf is in die Skrifte. Dit is 'n oproep om terug te keer na al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH ons God en Vader, naamlik Sy Torah. Dit is bekering tot redding wat volg op geloof tot redding. Onthou: Geloof bring versoening en gehoorsaamheid bring seëninge.

Bepeins of Bespreek

1. Indien Israel nie bereid sou wees om Torah te ontvang en om te begeer om daarvolgens te lewe nie, sou hulle bevryding van die slawejuk van Egipte 'nutteloos' gewees het! Israel is uit Egipte bevry om YHVH volgens Sy onderrig en instruksies te dien. Net so word ons deur wedergeboorte van die slawejuk van sonde bevry om Vader-God in gehoorsaamheid aan sy onderrig en instruksies te dien, sodat dit met ons in alle opsigte voorspoedig kan gaan!

2. Is jy wedergebore deur geloof en bekering? Met Ander woorde: Is jy met YHVH versoen deur geloof in Yeshua se kruisdood tot sondevergifnis en het jy jou bekeer om in alles aan YHVH gehoorsaam te wees?
3. Volgens Ex. 12:14 moet Pesag 'n ewige gedenkdag wees. Dit moet ook dien as 'n herinnering dat Yeshua as YHVH se Pesaglam geslag was om jou en my se wedergeboorte moontlik te maak. Daarom is dit ook gepas om op Pesag ons wedergeboorte te gedenk. Pesag is 'n terugblik op die geskiedenis, maar 'n herinnering van die hede! Dit moet dien as 'n herinnering dat ons saam met Yeshua gesterwe het en saam met Hom opgestaan het tot 'n nuwe lewe van versoening met YHVH en gehoorsaamheid aan Torah (Rom. 6:1 tot 14).
4. Ons wedergeboorte is belangriker as ons fisiese geboorte! Daarom sal ek persoonlik verkies om eerder op die dag van my wedergeboorte geluk gewens te word, want met my fisiese geboorte het ek niks mee te doen gehad nie, maar met my wedergeboorte het ek genadiglik die wysheid gehad om te kies om deur geloof in Yeshua wedergebore te word. Dit dink ek verdien eerder gelukwensing en die seënwense dat die res van my wedergebore lewe in gehoorsaamheid aan Torah sal wees! Een dag van wedergeboorte en Torah-gehoorsaamheid is beter as 80 jaar ongered en van Torahloosheid! ['n Debat wat dikwels gevoer word, is of ons verjaarsdae behoort te gedenk. Meer inligting hieroor kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/Birthdays.pdf>]
5. Het ons rede om opgewonde te wees indien 'n Jood hom/haar tot die Christendom bekeer, naamlik geloof in Yeshua as die Messias wat reeds gekom het, maar die verwerping van Torah as die leefwyse van die wat geregverdig is? Het Paulus se Damaskus-ervaring meegebring dat hy sy Torah-gehoorsame baadjie uitgetrek het en 'n Christenbaadjie aangetrek het?

Instelling en Betekenis van Pesag

Pesag (Paasfees) is die eerste van die sewe feeste (Bestemde of Aangewese Tye, *mo'edim*) van YHVH soos ondermeer in Levitikus 23 vir ons uiteengesit word. Elk van hierdie Bestemde Tye is 'n profetiese afbeelding van Vader-God se plan van sondevergifnis, versoening met Hom en van herstel van Sy skepping. Hierdie feestye is afspraak (afgesonderde vierdae, *miqra'ot*) met die Vader en elkeen is 'n heenwysing na Yeshua Messias en hoe daardie gedeelte van YHVH se plan in Messias vervul is, vervul word en nog vervul sal word. Die sewe feeste gee vir ons 'n terugblik van wat reeds gebeur het, insae in wat tans gebeur en 'n toekomsblik van wat gaan gebeur. Dit is ook 'n afbeelding van hoe elkeen wat deur geloof in Yeshua as Messias regeverdig verklaar is, moet lewe.

Pesag is die fondament waarop die ander ses bestemde tye (feeste) gebou word. Soos reeds genoem is dit die begin van YHVH se plan van sondevergifnis, versoening met Hom en die herstel van Sy Skepping tot soos wat dit was voor die sondeval. Die Pasga is die hart van die jaarlikse afspraak wat YHVH met Sy kinders het. Daarom is dit uiters belangrik om die doel en die betekenis van hierdie aangewese dag te verstaan en dit op gepaste wyse te gedenk. Dit is ook te verstane hoekom Satan juis miljoene Christene mislei het deur die ware Pasga met afgodery te besoedel. Daarom moet duidelike onderskeid gemaak word tussen Pesag en *Easter*, want hierdie is twee verskillende feeste. *Easter* het, net soos Kersfees, 'n heidense oorsprong. Meer inligting oor die misleiding van *Easter* kan afgelaai word by: http://www.nuwelied.info/?page_id=340.

Volgens die Skrifte (Bybel) moet Pesag op die 14 dag van die eerste maand gedenk word.

En YHVH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

Ex. 12:1 en 2.

In Ex. 12:1 tot 14 word die instelling van Pesag op die vooraand van die uittog van Israel uit Egipte beskryf. Nadat YHVH vir Moses en Aäron die opdrag oor die begin van die maande van die jaar gegee het (Ex. 12:2), het YHVH ook beveel dat elkeen op die tiende van die eerste maand 'n jaaroud lam sonder gebrek per huisgesin moet neem en dit in bewaring moet hou tot die veertiende dag en dit dan *slag teen die aand*, naamlik laat middag (Ex. 12:3 tot 6). [**Onthou: Volgens die Skrifte begin en eindig 'n dag teen sononder**]. Met 'n bossie hissop het hulle die bloed aan die deurkosyne van hulle huise gesmeer as teken van die geslagde lam (Ex. 12:7, 13, 22 en 23) en van hulle geloof (vertroue) in YHVH se reddende genade. Verder het YHVH beveel dat hulle die vleis in dieselfde nag, met ander woorde gedurende die nag van die 15 Nisan, moet eet nadat dit oor die vuur gebraai is. Hulle moes dit saam met ongesuurde brood en bitterkruid eet (Ex. 12:8 tot 10) en in hulle huise tot die môre toe bly (Ex. 12:22). Ook moes hulle die pesag haastig eet terwyl hulle heupe omgord was en met hulle skoene aan hulle voete en hul staf in die hand (Ex. 12:11).

Hierdie opdragte het Israel in geloof (vertroue) uitgevoer. Hulle het geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob. Deur geloof en gehoorsaamheid is Israel bewaar van die tiende plaag wat Egipte getref het, naamlik die dood van die eersgeborenes. Die geslagde lam en die bloed van die lam was hulle beskerming en die waarborg tot bevryding van die Egiptiese slawejuk.

Hierdie Bestemde Tyd van Pesag moet as gedenkdag vir ewig gevier word (Eks. 12:14, 24 en 42).

En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van YHVH vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

Op die veertiende dag van die eerste maand het YHVH dus 'n afspraak gemaak wat jaarliks vir ewig nagekom moet word. Hierdie eerste afspraak (Bestemde Tyd) in Egipte was nie net die bevryding van Israel van die Egiptiese slawejuk nie, maar ook die sinnebeeld en heenwysing van die bevryding van die slawejuk van sonde vir elkeen wat sou glo in die ware Pesaglam, Yeshua Messias (Joh. 1:29 en 36; 1 Pet. 1:19 tot 21).

As gelowiges van die hernieude verbond gedenk ons steeds Pesag, nie net as herinnering van Israel se bevryding van die slawejuk van Egipte nie, maar ook as herinnering van die ware Pesaglam wat op hierdie dag geslag was sodat ons van ons sondeskuld bevry kon word. Hierdie dag is 'n spesiale ontmoeting op uitnodiging van ons Vader om ons te herinner aan Sy liefde die dag toe Hy Sy Eersgebore Seun gegee het, *sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê* (Joh. 3:16).

In Ex. 12:13 is geskrywe: *as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan*. Die woord *verbygaan* (*pass over*) maak die ware betekenis van Pesag duidelik, naamlik:

- ❖ Die woord beskryf nie net die aksie van *om verby te gaan* of *om oor iets te gaan* nie, maar beteken ook om te beskerm op dieselfde wyse as wat 'n hen haar vlerke oor haar kuikens sprei om hulle te beskerm. Verwys Jes. 31:5 en Luk. 13:34.
- ❖ Derhalwe was daar midde in YHVH se oordeel ook Sy liefdevolle beskerming en verlossing vir die gelowige en gehoorsame Israeliet en vir die vreemdeling wat by Israel aangesluit het.

Geloof (vertroue) in die genade voorsiening van YHVH in die vorm van die geslagde lam was dus hulle redding en beskerming. Elkeen wat in sy huis *onder die bloed* gebly het, en deel gehad het aan die geslagde lam, is YHVH se oordeel gespaar (Eks. 12:13 en 23). Die bloed het dus as versoening met YHVH en vrywaring van Sy oordeel gedien.

Onder die hernieude verbond is die bloed van Yeshua Messias, die Lam van YHVH, ook ons redding en versoening met die Vader en die vrywaring van Sy oordeel. Die Pesag onder die ou verbond was 'n afbeelding en heenwysing na Yeshua Messias, die Lam van YHHV, en van ons God se genadeplan van versoening en redding. Pesag onder die hernieude verbond is bevestiging van die vervulling van hierdie belofte. Vir elkeen wat glo in die versoening deur die bloed van Yeshua is daar redding en bevryding van die salwejuk van sonde en van die loon van die sonde, naamlik die dood!

YHVH het sy volk van die Egiptiese slawejuk bevry op grond van die verbond met Abraham. Die belofte van hierdie verbond was dat Abraham se nageslag in die beloofde land, Kanaän, sou woon. Na 430 jaar het YHVH Israel bevry. Die “prys” vir hierdie bevryding was 'n onskuldige lam wat geslag was en die bloed wat aan die deurkosyne van elke huis gesmeer moes word.

Elke lam wat op die vooraand van die uittog uit Egipte geslag was, asook elke lam wat daarna ter viering van Pesag geslag was, het heengewys na die ware Lam van YHVH wat vir ons sondes gesterf het en wie se bloed die prys was vir bevryding van die sondejuk vir elkeen wat glo.

....omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van die Messias, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in Elohiem wat Hom uit die dode opgewek en Hom voortreflikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op Elohiem kan wees. 1 Pet. 1:18 – Woord en Getuienis.

Yeshua Messias is ons Pesaglam wat vir ons geslag is (Joh. 1:28 en 29; 1 Kor. 5:7). Hy is die eenmalige offer wat alle sonde wegneem vir die wat glo in die kosbare bloed van die Lam van YHVH.

Die instelling van die Pesag was as 'n nuwe begin vir Israel beskou. Dit was nie net beskou as die bevryding van die slawejuk van Egipte nie, maar ook as die begin van 'n tydperk waar YHVH op 'n nuwe wyse Homself aan Israel openbaar het. Wedergeboorte is ook 'n nuwe begin in elkeen se lewe. Dit is die begin van 'n geloofsluwe in Messias waar YHVH as Vader Homself deur Sy Gees openbaar.

Die Israeliëte moes die Pesag in hulle huise eet met hulle heupe omgord, skoene aan hulle voete en met hul staf in hulle hand. Dit beteken hulle moes gereed wees om Egipte te verlaat. Hierdie is 'n afbeelding van hoe elke gelowige onder die hernieude verbond moet lewe. Eerstens is ons bevry van die slawejuk van sonde en tweedens moet ons daaglik deelname aan Yeshua hê op 'n wyse dat ons gereed is om enige tyd ons liggaam (huis) te verlaat.

In onderstaande tabel word 'n vergelyking getref tussen die pesaglam in Egipte en die Pesaglam van YHVH.

Ou Verbond: Die lam van die Pesag	Hernieude Verbond: Die Lam van God
ʼn Lam sonder gebrek moes vir vier dae in bewaring gehou word. (Eks. 12:3, 5 en 6). Die doel was om seker te maak dat die lam geen gebrek gehad het nie. Slegs dit wat sonder liggaamsgebrek was, mag aan God geoffer word (Deut. 15:21).	Yeshua Messias was die Lam van YHVH sonder sonde (gebrek) (Heb. 4:15; 1 Pet. 1:19). Selfs Pilatus kon nie vir Yeshua skuldig bevind nie (Matt. 27:24).
Die Lam was gekies om geoffer te word (Eks 12:6).	Die Lam van God was reeds voor die grondlegging van die wêreld bestem gewees om vir die sondaar te sterf (1 Pet. 1:19 en 20). Yeshua was soos ʼn lam wat na die slagplek gelei word (Jes. 53:7).
Die lam moet geëet word nadat dit oor die vuur gebraai was (Eks. 12:9 en 10).	Vuur in die Skrif verwys na YHVH se oordeel. Yeshua het as die Lam van God die straf wat vir ons bestem was op Hom geneem (Jes. 53:5 en 6). Hy wat geen sonde gedoen het nie, het sonde vir ons geword sodat ons deur YHVH geregverdig verklaar kan word (2 Kor. 5:21).
Geen been van die paaslam was gebreek nie (Eks. 12:46; Num. 9:12) (sonder gebrek).	Die soldate het nie die bene van Yeshua tydens die kruisiging gebreek nie (Joh. 19:33 tot 36).
Elkeen in elke huisgesin moes eet van die lam ten einde deel van YHVH se reddingsplan te wees. Redding deur die dood van die paaslam was dus ʼn persoonlike sowel as ʼn gemeenskaplike saak.	Verseuning met YHVH is ʼn persoonlike saak. Elkeen word gered op grond eie geloof en eie belydenis (Rom. 10:9 en 10). Verwys Gal. 2:20 – my lewe wat ek nou leef, leef ek deur geloof in die Lam van God wat vir my gesterf het. Ek is egter deel van die liggaam van Messias op grond van ʼn gemeenskaplike geloof in Messias (Eks. 12:41; Rom. 12:5; 1 Kor. 12:12 en 13). Verlos deur die bloed van die Lam behoort ons almal aan YHVH.
Die bloed moes by die ingang, aan die deurkosyne, gesmeer word en was die teken (bewys)(Eks 12:13 en 23). Die Israëliete het in hulle huis ingegaan deur die bloedverseëldde deur waar hulle in bewaring gehou was.	Yeshua is die deur na die waarheid en die lewe (Joh. 10:9; 14:6). Sy bloed is die bloed van die hernieude verbond (Matt. 26:28) Deur die bloed het ons deel aan Yeshua (Joh. 6:53 tot 56) – dit is ons beskerming.
Die gebraaide paaslam moes saam met ongesuurde brood en bitterkruie geëet word (Ex. 12:8)	Ons moet die suurdeeg (sonde) uit ons lewens verwyder (1 Kor. 5:7 en 8) en die bitterkruie moet as herinnering dien van die gevolge van sonde (Rom. 6:23)
Die Pasga is die verbondsmaaltyd van die ou verbond.	Die Pasga is die verbondsmaaltyd van die hernieude (nuwe) verbond.

Ons erfenis onder die hernieude verbond

Die betekenis van die verlossing wat deur die folterdood van Yeshua en die kosbare bloed van die Lam van YHVH bewerkstellig is, word in Heb. 9:11 tot 15 opgesom, naamlik:

- ❖ Verse 11 en 12: Yeshua het as ewige Hoëpriester met sy eie bloed die hemelse tabernakel ingegaan en ʼn ewige verlossing teweeggebring. Geen verdere offer vir die sonde is nodig nie.
- ❖ Vers 14: Die bloed van Yeshua reinig ons gewete van dooie werke. Hierdie dooie werke is die offers onder die ou verbond wat nooit ware sondevergifnis kon bewerkstellig nie, want dit moes jaar na jaar plaasvind. Die onvermoë om YHVH se Torah (die wet) te onderhou was ʼn skuld- en gewetenslas weens skuldgevoelens en vrees vir die oordeel

wat dit inhou. Die offers onder die ou verbond was 'n herinnering aan die sondes, want die bloed van diere kon nie die sondes wegneem nie. (Heb. 10:3 en 4). Die kosbare bloed van Yeshua reinig ons egter van alle sonde en derhalwe ook van skuldgevoelens omrede ons nie die wet kan hou nie.

- ❖ Vers 15: Die bloed van Yeshua het verlossing van die oortredinge onder die ou verbond teweeggebring sodat ons die belofte van die ewige erfenis onder die nuwe verbond kan ontvang.

Hierdie ewige erfenis word in Hebreërs 8:10 tot 12 beskryf, naamlik:

- ❖ YHVH onderneem om Sy wette (Torah), naamlik Sy onderrig en instruksies, in ons verstand te gee en dit op ons hart te skryf. Dit beteken dat ons gehoorsaam aan ons Hemelse Vader se wil sal wees, want dit sal deel van ons innerlike mens wees, naamlik van ons gees en siel. Dit sal moontlik wees deur die Afgesonderde (Heilige) Gees wat in ons woon en wat YHVH se wil bekend sal maak en ons die krag tot gehoorsaamheid sal gee. Hierdie erfenis waarborg dus 'n innerlike verandering wat uitwendig sigbaar sal wees.
- ❖ Tweedens behels ons ewige erfenis dat YHVH ons as Sy kinders aanneem en daarom die volle verantwoordelikheid as ons Vader aanvaar. As Vader, en soos enige vader, wil Hy slegs die beste vir Sy kinders gee. Hy word ons voorsiener en beskermer.
- ❖ Derdens onderneem YHVH as ons Vader om ons elkeen self te leer sodat ons Hom waarlik kan ken. Die hernieude verbond maak voorsiening om 'n intieme verhouding met YHVH te hê deurdat ons toegang tot Sy geheimenisse het. Hierdie geheimenisse is in Yeshua (Kol. 2:2 en 3) en die Afgesonderde Gees is die een wat ons sal leer en herinner aan al die woorde van die Lewende Torah (Joh. 14:26).
- ❖ Laastens is ons ewige erfenis die sekerheid van sondevergifnis. Yeshua het die eenmalige offer vir ons sondes gebring en geen verdere offerande is nodig nie (Heb. 9:11 en 12 en Heb. 10:11 en 12). Ons het die sekerheid dat Vader-God nooit weer aan ons ongeregthede sal dink nie. Dit beteken dat Hy ons oortredinge van die verlede nie teen ons sal hou nie. Wanneer ons weens swakhede sondig, is daar onmiddellike vergifnis as ons met ware berou bely en om vergifnis vra (1 Joh. 1:9).

Hoe om pesag te gedenk

Pesag is bevestiging van dit wat YHVH ons Vader deur Sy Seun, Yeshua Die Gesalfde Een reeds vir ons gedoen het. Op die veertiende dag van die eerste maand (Nisan) van YHVH se kalender het Yeshua Messias 'n folterdood gesterf en is die skuldbrief van al ons oortredinge uitgedelg en weggeruim deur dit aan die folterpaal vas te nael (Kol. 2:14). Ons is vry van die slawejuk van sonde en met YHVH versoen deur die kosbare bloed van die Lam – Yeshua Die Gesalfde Een.

Hierdie is die belangrikste dag en gebeurtenis in YHVH se plan van vergifnis, versoening en herstel. YHVH het jaarliks op hierdie dag 'n afspraak met Sy kinders om hulle te ontmoet en hulle te herinner aan Sy genade (guns) wat Hy deur Yeshua aan elkeen bewys wat glo.

Daar is verskillende wyses hoe ons hierdie dag kan gedenk. Die belangrikste is om dit te gedenk op die dag wat YHVH vasgestel het, naamlik die veertiende dag van die eerste maand, en nie op die datum soos deur die kerk vasgestel is nie. Talle gelowiges wat terugkeer tot hulle Hebreuse

wortels vier Pesag op gepaste wyse deur 'n Pesagmaaltyd (Sedermaal) as gesin, of saam met familie en vriende, te eet soos wat dit vir eeue reeds gedoen word en ook soos dit in die tyd van Yeshua Messias gedoen was.

Die Pesagmaaltyd word gewoonlik teen die aand (sonder) van die 14 Nisan geëet, met ander woorde aan die einde van die 14 Nisan en met die aanvang van die 15 Nisan. [Onthou dat volgens die Skrifte, en derhalwe die Jode, begin 'n nuwe dag teen sonder]. Dit beteken dat die sedermaal deel sal vorm van die begin van die 15e dag van Nisan wat ook die begin van die Fees van Ongesuurde Brood is en wat sewe dae duur. 'n Handleiding hoe om 'n sedermaal te hou kan afgelaai word by: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2012/02/PaassederHandleiding.pdf>

Pesag word nie as 'n spesiale shabbat gedenk nie. Dit word beskou as die dag van voorbereiding om teen laat middag (sonder) die Pesagmaal saam met familie en vriende te eet in 'n huis waar alle suurdeeg verwyder is. Die Pesagmaal vorm dus deel van die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood.

Bepeins of Bespreek

1. Sondig diegene wat Pesag op 'n ander datum as die 14 Nisan gedenk, byvoorbeeld op die datum soos deur die kerk vasgestel word, naamlik Goeie Vrydag en Opstanding Sondag? In die verband moet die volgende onthou word: Die Roomse Kerk en Protestante bepaal Paassondag (Opstandings Sondag) as die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die lente-ewening van 21 Maart. Hierdie is die metode wat ook gebruik was om die datum vir die *Easter* feesvierings vas te stel. Die heidense invloed in die vaststelling van hierdie belangrike dag op die Christenkalender is dus duidelik.
2. Is 'n datum vir YHVH belangrik of is die gesindheid van ons hart die belangrikste? Hierdie vrae moet gesien word in die lig daarvan dat selfs in die geledere van die Messiaanse Beweging is daar verskille oor hoe die begin van 'n nuwe maand vasgestel moet word en gevolglik op watter dag die 14 Nisan van elke jaar sal wees. Daar is die kalender van Rabbynse Judaïsme en die kalender van die Karäiete. Watter een is reg? – 'n debat wat sekerlik nog baie lank (tot Yeshua kom?) gevoer sal word!

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking) YHVH is in beheer!

Die woord wat YHVH tot die profeet Jeremia gespreek het aangaande die koms van Nebukadrésar, die koning van Babel, om Egipteland te verower. Jer. 46:13.

Beide die Torah- en die Haftorah Skriflesing handel oor die vernietiging van Egipte. In die Torah (parashah) gedeelte word Egipte deur die direkte hand van YHVH vernietig, terwyl in die Haftorah Skriflesing gebruik YHVH die koninkryk van Babilon om Egipte tot 'n val te bring. Die les om hieruit te leer is dat YHVH in beheer is en dat Hy wêreldgebeure te alle tye met Israel in gedagte laat geskied. Israel, en diegene wat deur geloof in Yeshua as Messias, by Israel aangesluit het, is die appel van YHVH se oog.

Dan moet jy vir Farao sê: So spreek YHVH: My eersgebore seun is Israel. Ex. 4:22

Daarom herinner Paulus ons daaraan dat YHVH nie Sy volk verstoot het nie (Rom. 11:1)! So lees ons ook in Sag. 2:8 die profetiese belofte: *Want so sê YHVH van die leërskare: Hy het my gestuur*

agter heerlikheid aan na die nasies wat julle uitgebuit het; want wie julle aanraak, raak sy oogappel aan.

Hierdie week se Haftorah bevestig egter dat al wat die geskiedenis ons leer is dat ons nie uit die geskiedenis leer nie. Wêreldleiers en die wêreld verstaan steeds nie dat elke woord wat YHVH aangaande Israel en Sy uitverkore volk gespreek het, bewaardheid sal word. Israel is deel van YHVH se plan van versoening en herstel tot soos wat dit was voor die sondeval!

Die profetiese woord van Jeremia was ook 'n waarskuwing om nie Egipte as heenkome te soek te midde van die naderende bedreiging van Babilon nie. Jeremia se woord aan Israel was: *Staan reg, en maak jou klaar, want die swaard het verslind wat rondom jou is* (Jer. 46:14). Die belofte was dat Israel beskerm sou word, selfs al bly hulle in Jerusalem. Jeremia het Israel herinner aan die lot van Egipte in die dae van Moses en Israel se uittog uit Egipte. Het Israel uit die geskiedenis geleer??

Bepeins en Bespreek

1. Die profetiese woord van Jeremia dien ook as waarskuwing vir ons op wie die einde van tye gekom het. Ons kan nie die wêreld (Egipte) as heenkome sien in tye van onheil nie. Lees Ps. 91, veral verse 7 tot 11. Laat ons nie dieselfde foute as Israel maak nie (1 Kor. 10:1 tot 11)!!

Always remember: The Land of Israel and Yeshua Mashiach are inseparable. One is nothing without the other.

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgoete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.